



Tshwane University
of Technology


We empower people

ORGAN DONOR
FOUNDATION



*In die voetspore van
'n persoonlike tragedie...*

Perspektief op weefsel skenking



“Rou is ’n proses
wat dikwels gepaard gaan
met totale onsekerheid en vrees
vir die pad vorentoe.

Dit is ’n menslike ervaring
wat noodsaaklik is ten einde
afskeid te neem van ’n geliefde.

Dit is onvermydelik -
’n proses waardeur ’n mens
tot aanvaarding kom
van die onaanvaarbare.”

Sentrum vir Weefsel-skenking
Wetenskap Fakulteit

Of dit nou verwag word of nie - die dood van 'n geliefde is altyd oorweldigend. Afhangend van die omstandighede van die dood, kan mens 'n warboel van emosies ondervind, wat kan varieer van intense en verlamme hartseer tot woede, angst, skuld en hopeloosheid. Saam met al hierdie emosies is daar besluite wat jy moet neem waarvoor jy nie eintlik kans sien nie. Alhoewel van die besluite nietig lyk in vergelyking met dít waardeur jy gaan, is dit tog belangrik.

Een van hierdie besluite kan ten gunste van weefselskenking wees. Deur skenking kan jy of jou geliefde vir iemand anders 'n nalatenskap van hoop op 'n beter lewensgehalte gee.

Die behoefte aan orgaan- en weefselskenking is omvangryk en onmoontlik om te oorkom sonder die bydrae van mense wat ten spyte van dít waardeur hulle gaan, tog besluit om ander in nood te help.


Wat kan na die dood van 'n geliefde geskenk word?




Korneas - die dun, deurskynende lagie aan die voorkant van die oog wat die iris en pupil bedek, kan oorgeplant word om iemand anders die geleentheid te gee om sig te herwin.



Been & Tendons - Die langbene in die ledemate (arms en bene) kan chirurgies verwyder word en oorgeplant word in pasiënte met beenverlies as gevolg van trauma, besering of siekte en kan sodoende bydra tot 'n beter lewensgehalte.

 **Hartkleppe** - Soms kan slegs natuurlike kleppe gebruik word om disfunksie in 'n pasiënt se hart te herstel. Dit kan die pasiënt se lewe verbeter of selfs red.

 **Vel** - Slegs die boonste lagie van die vel (epidermis) word versigtig van sekere gedeeltes van die liggaam verwyder. Dit word baie effektief gebruik in die behandeling van brandwonde.

Enige van bogenoemde weefsel kan geskenk word. Alhoewel tyd 'n groot faktor is, kan beenweefsel selfs tot 4 dae na afsterwe suksesvol herwin word.

Is daar 'n koste verbode aan weefsel-skenking?

Nee, jy sal geen geld ontvang of spandeer nie. Die koste verbode aan die prosedure word deur die CTE gedra.

Waar word die weefselherwinning gedoen?

'n Spesiaal opgeleide span doen die herwinning in 'n hospitaal, die lykshuis of by die begrafnisonder-nemer van u keuse.

Sal my geliefde met respek en waardigheid hanteer word?

CTE werknemers is almal professionele mense wat verbind is aan streng gedragkodes om te verseker dat elke skenker met die nodige respek en waardigheid hanteer word. Die skenker se liggaam word nie geskend nie en protes word in alle gevalle gebruik om die area van herwinning te

herstel. Skenking weerhou u dus nie daarvan om besigtiging of n oop kis tydens die verassing- of begrafnisdiens te hê nie.

Sal skenking die begrafnisreëlings vertraag?

Nee. CTE - in samewerking met die begrafnis-onderneemer - handel die prosedure binne die beskikbare tyd af.

Sal ek weet wie my geliefde se weefsel ontvang?

Nee, ter wille van privaatheid en wetgewing word skenkers en ontvangers nie geïdentifiseer nie.

Die besluit om weefsel van 'n afgestorwe geliefde te skenk, is nie altyd maklik nie. In baie gevalle het 'n geliefde nooit die moontlikheid van skenking met die familie bespreek nie. Hier volg 'n paar vrae wat u kan help in die besluit:

Waarom moet ek weefsel skenk?

Daar is verskeie redes waarom mense weefsel skenk:

Vir party mense kan dit 'n sinlose tragedie omswaai in 'n betekenisvolle situasie deur ander te help en sodoende 'n klein troos bring te midde van die groot verlies.

Vir ander is die besluit om praktiese redes - iemand anders kan daardeur gehelp word.

As dit vir jou 'n moeilike besluit is, dink dan aan die tipe persoon wat jou geliefde was. Sou hy of sy iemand anders 'n beter kans wou gee om 'n normale lewe te lei? Die einde van n geliefde se lewenspad kan dalk die begin wees van iemand anders se verbeterde lewenskwaliteit.

Wat gebeur nadat ons besluit het om te skenk?

Jy sal gevra word om die nodige toestemmingsvorm te voltooi en te onderteken. Die CTE sal dan die nodige reëlings tref om die weefsel so gou moontlik te herwin.

Wie en wat is die CTE?

Die CTE is 'n weefselbank wat skenking, bewusmaking en navorsing bevorder. Deur weefsel- en kornea- oorplanting kan die kwaliteit van lewe bevorder word. Die CTE funksioneer vanaf die WNNR en is 'n entiteit van die Tshwane Universiteit vir Tegnologie.

CTE verstaan die pyn en lyding wat die verlies van 'n geliefde veroorsaak en wil graag help.

Kontak gerus een van ons opgeleide koördineerders vir verdere bystand:

Vrystaat, Kaap & KZN:

Sandra Venter - 082 325 3448

Noordwes, Vaaldriehoek & Noord Kaap:

Elize Scheepers - 082 411 7109

Gauteng, Mpumalanga & Limpopo:

Marna Horn - 082 379 8536

Office - 012 349 3500

Wat ander te sê het...



“Dit skoelapper is ‘n simbool van nuwe lewe
en vir ons het dit die simbool van
wêreldskenking geword.
Toe ons dogter oorlede is,
het sy haar aardse lewe agter gelaat,
maar kon voortleef op ‘n nuwe wyse.”



“Om aan iemand anders
die gawe van ‘n beter lewe te gee
(deur skenking) sou ‘n troos vir my wees.
Ek sou toestemming gegee het –
as iemand my net
die geleentheid gegee het.”



“Te danke aan iemand anders
se skenking kan ons familie
steeds kosbare tye saam spandeer –
ons is so dankbaar!”